# Christianity in World History

Londen, 1964, 487 bl. — Deur A. Th. van Leeuwen.

Professor H. Kraemer, die onlangs ontslape leermeester en geestelike vader van dr. Van Leeuwen het in die voorwoord van hierdie boek dit heeltemal tereg as 'n evenement gekaraktiseer. Die werk getuig van groot geleerdheid, belesenheid en briljantheid en plek-plek ook van groot oorspronklikheid. Dit open in verskillende opsigte nuwe insigte en indrukwekkende perspektiewe oor die roeping tot die evangelieverkondiging in 'n planetêre wêreld. Dit kom ook as 'n groot uitdaging tot die Christendom.

Daar is dan ook groot bewondering vir hierdie werk, maar vanweë te veel onnoukeurighede, foute en onbewese en gewaagde stellinge word dit ook skerp gekritiseer, o.a. deur prof. H. de Vos in die Nederlandse Teologiese Tydskrif, Junie 1965, p. 343 e.v.

Tog doen hierdie tekortkominge nie groot afbreuk aan die werk as geheel nie, want die outeur skryf oor die geheel geneem met groot kennis van sake en hy het op een of twee uitsonderings na die beste en mees resente bronne op die verskillende betrokke terreine van die baie breë stof geraadpleeg. Waar so 'n omvangryke onderwerp met sulke verskillende uiteenlopende temas behandel word, kan dit in 'n sekere mate verskoon word as die skrywer hier en daar nie ten volle beantwoord aan alle wetenskaplike vereistes nie.

Ons wil nie by allerlei details stil staan nie maar sal die hoofsaak waaroor dit gaan, die eintlike tema van die boek nader in oënskou neem en beoordeel. Dit word duidelik aangegee in die titel waaruit blyk dat dit gaan oor die verhouding van die voortgang van die Christendom en die wêreldgeskiedenis.

Die skrywer wil nie weet van 'n Westerse superioriteitsgevoel nie. Daarom pleit hy vir 'n wêreld-sentriese i.p.v. 'n Europa-sentriese geskiedenisbeskouing. Tog wil hy niks weet van 'n Europese defaitisme asof die Weste eintlik afgedoen het en die Ooste nou die leiding moet oorneem. Hy wil laat sien dat die Evangelie in sy gang deur die wêreld 'n heel besondere gestalte aangeneem het in die Westerse kultuur, en hy beweeg daarom in sy werk tussen hierdie twee pole van evangelie- en kultuurvooruitgang, wat beide hulle wortels in die Weste het, om dan uiteindelik hierdie twee prosesse en deurwerkinge met mekaar te laat verstrengel in 'n esgatologiese rigting. Hierdeur skep hy tog weer die indruk van 'n Europese superioriteitsgevoel, veral waar hy konstateer dat daar in die nuwe wêreld nie plek sal wees vir die nie-christelike godsdienste nie en die hele wêreldontwikkeling volgens hom in die rigting van een Westers georiënteerde kultuurpatroon gaan.

Hy soek die wortels van die Westerse beskawing in die geskiedenis van die volk Israel soos dit beskryf word in die Ou Testament en soos dit verder in die volheid van die tyd deur Christus vervul is. Hierin lê die wortels van die evangelie-uitbreiding sowel as van die Westerse kultuurverspreiding.

Hy vind in die Ou Testament 'n skerp reaksie teen en 'n radikale ontmitologisering van die naturalistiese monisme van die heidendom. Teenoor die totalitêre samehangsgedagte en die ineenstrengeling van die goddelike en die kreatuurlike laat die Ou Testament God sien as die lewende Here en Skepper van alles, en teenoor die heidense opvatting dat alles beweeg in 'n sikliese gang wat telkens weer by die begin eindig, stel die Ou Testament God as die Here van die geskiedenis wat Israel geplaas het op die weg van sý doel met die skepping. In hierdie verband open die skrywer veral oor Gen. 1-11 soms verrassend nuwe insigte, hoewel ook hier agter een en ander 'n vraagteken geplaas moet word.

In die Nuwe Testament word die lyn verder deurgetrek. In Jesus Christus word die hele geskiedenis van die volk Israel verteenwoordig, saamgevat en vervul. Hy is die voleinding van die geskiedenis. Tog bly die vervulling op elke onderdeel nog uitstaande. Die evangelie moet in die hele wêreld verkondig word tot 'n getuienis vir al die nasies; en dan sal die einde kom (Matth. 24:14). Die verkondiging wat die einde van die tyd inlui, is dus tewens die begin van die Christelike tydperk. Die wêreldgeskiedenis word opgeneem in die „laaste dae" en kom so in esgatologiese lig te staan. Hierdie esgatologiese gebeurtenis van die volheid van die tyd is tewens die begin van die geskiedenis van die Christendom.

Dit dan is die een pool waarheen die skrywer beweeg. Die ander een het betrekking op die kultuur-antropologiese aspek in die wêreldgeskiedenis. Aan die Christelike tydperk het voorafgegaan 'n 6,000(?) jarige neolities-agrariese tydperk wat deur die „ontokratiese patroon" gekenmerk was, terwyl die geskiedenis nou staan in die teken van die „tegnokratiese patroon". Onder die eerste verstaan die skrywer die heerskappy(-krasie) van die synde (onto) en onder die laaste die heerskappy(-krasie) van die tegniek (tegno-). In die eersgenoemde geval regeer die mens nie oor die kreatuurlike werklikheid nie maar is daaraan onderwerp. Die natuur word vergoddelik en die goddelike word verkreatuurlik. Daar is 'n dwingende mag in die natuurorde wat die ganse menslike lewe aan bande lê.

Met so 'n patroon is daar nie die moontlikhede van ware wetenskap en vooruitgang nie. Die hele lewe word vanaf die geboorte tot die dood vasgelê in 'n vaste tradisionele patroon, en in die politieke organisasie word die gesagsdraers baie nou met die godsdiens en die bonatuurlike verbind.

'n Soortgelyke binding van die lewe was daar ook in die *corpus christianum* van die Middeleeue, maar hier is die ontokratiese patroon deurbreek veral deur die aksent wat op die teokratiese gedagte gelê is.

Uit die boom van die Christendom, soos dit in die Weste wortel geskiet het, groei daar nou as vrugte die sending- asook die kultuurvoortgang in die nuwe wêreld, waarin die moderne geskiedenis as dit ware 'n eksponent van die koms van die konikryk van God is. Die revolusionêre dinamiek is gedurig werksaam in die Westerse beskawing

en dit is steeds in beweging as gevolg van die geskiedenis wat oor Sion tot „die eindes van die aarde" reik.

Die huidige tegnokratiese tydperk kan nie sonder hierdie beweging gedink word nie, want hier agter lê die geloof dat die wêreld die skepping van God is. Die tegnokratiese ontwikkeling deurbreek die ontokratiese patroon dwars deur die wêreld en die lewe word oral gedesakraliseer en gesekulariseer. Dit is 'n vrug van die Christelike boom.

Daarom moet die tegniese ontwikkeling en die sekularistiese lewenspatroon ook positief gewaardeer word. Daar moet egter onderskei word tussen sekularisasie en sekularisme. Onder sekularisasie word verstaan 'n desakralisering en versakeling wat neerkom op 'n bevryding uit die ontokratiese patroon. Sekularisme egter is 'n geslote en verabsoluteerde ideologie, die bonatuurlike word uit die lewe weggesyfer maar dit beweeg self in die rigting van 'n heidense of nihilistiese totalitarisme met 'n nuwe soort ontokratiese patroon, soos reeds nou tot openbaring kom in die kommunisme. Sekularisme moet veroordeel word, maar solank dit nie verabsoluteer word nie, moet sekularisasie aangemoedig word. Daarin moet gesien word ook tekens van die koms van die koninkryk van God.

Ons kan baie waardering hê vir die grootse taak wat die skrywer aangepak het en op so 'n deurdringende en omvattende wyse deurgevoer het. Hy leer ons om die huidige wêreld ernstig op te neem, om die goeie in die tegniese en wetenskaplike ontwikkeling en die bevryding wat deur die sekularisasie teweeg gebring is, te waardeer. Sy boek is 'n waarskuwing om nie die sekulêre lewe te verkerklik of aan 'n „verkrampte" tradisionele patroon te onderwerp nie. Ons word tot vryheid geroep en nie tot 'n ou of nuwe soort slawerny nie, sê Paulus. Die Here het die magte oorwin en ons hoef dus nie meer daarvoor bevrees te wees nie. Dit is ook Sy wil dat die mens tot die hoogs moontlike peil ontwikkel. Vryheid en vooruitgang, vrede en welvaart — ook dit is openbaringe van die koms van die koninkryk van God.

Die skrywer prikkel ons ook om ons verder te besin oor die verhouding van die wêreldgeskiedenis en die uitbreiding van die koninkryk van God. Hy toon voorts op 'n treffende wyse aan hoe dat die Ou Testament die heidendom ontmitologiseer en hy sê soms dinge wat, soos reeds opgemerk is, getuig van groot oorspronklikheid. Hiervan is o.a. voorbeelde sy opmerkinge oor „die eindes van die aarde", oor die Islam en oor die parallellie tussen Islam en kommunisme.

Ten spyte van al die voortreflikhede en boeiende inhoud word ons egter telkens geprikkel tot teenspraak en ons lê die boek uiteindelik met 'n sug van teleurstelling neer. Die grondfout meen ons lê in die eensydige en optimistiese beskouinge oor die tegnokrasie en sekularisasie. Sekularisasie moet volgens hom alleen veroordeel word as dit oorhel na verabsolutering. Dit is egter baie meer ambivalent as wat die skrywer te kenne wil gee. Die tegnokrasie lei tot bevryding en

vooruitgang maar kan ook die vernietiging van die mensheid deur die uitbarsting van die kernkrag teweeg bring. Sekularisasie hou nie net 'n neutrale versakeling in nie maar dit loop daarop uit dat God self uit die lewe geban word. Dit lei uiteindelik tot 'n godsdiens waar die Antichris op die troon sit.

Sekularisasie sonder meer bly altyd ambivalent of word heeltemal antiteties teenoor die waarheid van die Skrif. Tog moet ook die goeie, wat deur die algemene genade van God daarin aan die lig kom, op prys gestel word en selfs die Christelike lewe moet in 'n sekere sin hierby inpas. Vir die beoordeling daarvan moet ons terugkeer na die Skrif en, soos prof. H. Bergema en J. Verkuyl in hulle onderskeie inougurele redes opmerk, ook deeglik kennis neem van wat A. Kuyper, H. Bavinck en Berkouwer hieroor sê. Die Skrif ken nie die sekularisasie-begrip sonder meer nie. In die Skrif is daar die onttroning van die ontokrasie maar ook die intronisasie van Jesus Christus, die Kurios, die Pantokrator. Daar moet wees nie net die desakralisering van die lewe nie maar ook die heiliging van die tegniek en wetenskap aan God; nie net die ontgoddeliking van die natuur nie maar ook die heerlikheid van God in en deur sy algemene openbaring; nie net die vryheid deur die sekularisasie nie maar ook die vryheid in gebondenheid aan Christus.

Ons kan nie met Van Leeuwen saamstem nie dat die tegnokrasie en sekularisasie 'n einde sal maak aan die nie-christelike godsdienste. Die werklikheid loënstraf hierdie profesie, want hoewel bv. die Oosterse religies hulle daarmee versoen, ondergaan hulle desnieteenstaande 'n vernuwing, en gedeeltelik as reaksie teen die sekularistiese tendense ontstaan daar nou oral onder die nie-Westerse volke 'n strewe na 'n nuw godsdienstige oriëntasie, wat reeds gestalte aangeneem het o.a. in die honderde sinkretistiese sektes in Suid-Afrika; daarbenewens kry ons ook nuwe ideologieë en uiteindelik selfs die aanbidding van die Antichris, want, soos Christus voorsê het, sal daar „valse Christusse en valse profete opstaan en hulle sal tekens en wonders doen" (Mrk. 13:22). Solank God bestaan sal daar altyd godsdiens(te) wees. 'n Godsdienslose tyd sal nooit aanbreek nie.

Ons kan verder nie soos die skrywer doen, aanneem dat die huidige tegniese vooruitgang en sekularisasie vanselfsprekende en direkte vrugte van die Christendom is nie, want selfs in die heidense kulture is daar latente moontlikhede in hierdie rigting, soos daaruit blyk dat reeds in die Skrif die lyn van ontwikkeling in die geslag van Kaïn loop en daar soos wel bekend is reeds lank voor die Christelike tydperk hoë kultuurontwikkeling in China, Egipte, Babilonië, Mesopotamië ens. was. Die hoë peil van die huidige ontwikkeling moet toegeskryf word aan die algemeen menslike potensialiteite in hierdie opsigte, hoewel die Christendom eerder as ander godsdienste hierin stimulerend kan wees.

Dit is wel waar dat, soos die skrywer sê, die sekularisasie ook esgatologiese betekenis het, maar daarvan kan nie 'n soort nuwe evangelie gemaak word nie. Die esgatologiese betekenis lê daarin dat die tyd van die wederkoms van Christus nie alleen bepaal word deur

die verkondiging tot aan die eindes van die aarde nie, maar, soos Kuyper tereg aangetoon het, ook deur die wetenskaplike en tegniese ontwikkeling. Eers wanneer die mens die hoogs moontlike peil van ontwikkeling hierin bereik het, sal die einde daar wees. Ook hierin is daar egter ambivalensie, want enersyds is daar die ongelowige ontwikkelingsrigting wat lei tot die rypheid van die sonde en die koms van die Antichris en andersyds kan die gelowige tegnikus of wetenskaplike in sy aandeel in die ontwikkelingsgang sien die nadering van die koms van die koninkryk van God en tot openbaring bring 'n afskaduwing, 'n weerspieëling en antisipasie van die heerlikheid van die komende koninkryk, wanneer die eer en heerlikheid van die nasies in die nuwe Jerusalem ingebring sal word (Open. 21:26) en die hele aarde vol sal wees van die heerlikheid (Jes. 6:3) en van die kennis van God (Jes. 11:9).

Aan die ander kant word die gemeente deur die groeiende sekularisme gedwing tot ernstige besinning oor die belewing en uitkristalisering van die waarheid en die Christelike lewe in 'n wêreld waarin die godsdiens nie meer bepaal word deur tradisionele voorskrifte en bande en die publieke opinie nie.

Waar hierdie steunsels wegval, kan die sekularisasie tog ook tot 'n seën vir die gemeente wees, nl. daarin dat dit daardeur teruggewerp word op die Woord van God en die lewende band met en gelowige vertroue op Christus as die enigste vashouplek en anker vir 'n ware Christelike lewe van die gemeente as liggaam van Christus.

Ons kan in meer as een opsig dankbaar wees vir die boek van Van Leeuwen. Hy bied wel nie die oplossing van die problematiek rondom die sekularisasie-vraagstuk en van die verhouding van Sending en wêreldgeskiedenis nie maar sy boek is tog 'n belangrike bydrae hiervoor en hy laat ons ons opnuut besin oor ons roeping en taak in 'n gesekulariseerde wêreld. Oor die vraagstuk self sal daar egter teologies nog dieper en meer Skrifmatig gegrawe en verder voortgebou moet word.

H. du Plessis.